# BRIDGING THE GAP



## Dissipelskapreeks September en Oktober 2018

### SA GEMEENTE LONDEN

### Kleingroepe

**Week 4: COMMIT**

*Daar is 'n "gap"(gaping) tussen wie ons is en wie die Here wil hê ons moet wees. As ons Jesus wil volg, sy dissipels wil wees, wil leef soos Hy geleef het, moet ons hierdie gaping oorsteek.*
*Om 'n dissipel van Jesus te wees vra van jou om 'n paar belangrike besluite te neem – en dit is meer as om net 'n keuse te maak, dit is iets wat jy doelbewus en aktief sal moet gaan doen.*

***Gesels heel eerste oor hierdie vraag:***

As jy die woord commitment hoor, waaraan dink jy dadelik? Wat sal jou definisie van commitment wees?

***Gesels nou oor hierdie vraag:***

Wat keer mense (en vir jou) om meer committed te wees?

**LEES/READ – Romeine 12:1-3 (Lees ook: Psalm 37:1-5,Galasiërs 2:15-21)**

**Wat tref jou met so 'n eerste lees van die teksgedeelte?**

**Deel met mekaar hoe julle die hele offer-kultus of gebruik verstaan.**

- Wat dink julle was God se oorspronklike bedoeling met die offer-stelsel?

  *(sondebelydenis, erken afhanklikheid van God toewy aan God, maak 'n opoffering, of gee iets...)*

- Hoe is offerhande verkeerd gebruik en die oorspronklike betekenis verdraai?

- Watter impak kan so 'n verkeerde verstaan hê op mense se godsdiens? Hoe kan **Galasiërs 2:15-21** ons help met 'n beter verstaan?

-

**Antwoord nou hierdie vrae eerlik:**

**Romeine 12 verklaar dat die offers waaraan die Jode gewoond is, vervang moet word met 'n ander soort offer. Wat is dit volgens vers 1?**

- Wat dink julle beteken dit om 'n lewendige offer te wees?

- Wat dink julle beteken dit om 'n heilige offer te wees?

**Dit wil lyk of Paulus probeer sê dat verandering in die eerste plek aan ons binnekant moet plaasvind. *"Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe..."***

- Watter gevaar is daar om te dink dat ons net hoef reg te leef na buite?

(bv voorgee = hypocrites, doen goed om mense te beindruk
bou ons geloof op dade en verdienste)

- Hoekom dink julle wil God ons denke, harte verander? En wat het dit met commitment te doen?

(Gesels oor sake soos ware bedoeling, egtheid...)

**Wat dink julle is die sake waaraan ons eintlik commitment moet meet?**

(Dit sal great wees as julle kan uitkom by sake soos opoffering, diens,
sterf in self, dink anders oor elke situasie op jou pad, hanteer mense anders –
Kyk gerus na Rom 12:9-21 vir praktiese riglyne hiervoor)

**Bid oor die volgende saak:**

- **Bid dat die Here julle denke sal verander oor sake wat in die pad staan van jou dieper commitment.**
- **Bid as groep vir mekaar**